

Baba kry nuwe lewe ná spesiale operasie

ELSABÉ BRITS

Kaapstad

Die lewe van 'n baba wat met 'n groeifaktor-abnormaliteit gebore is, is gister onherroeplik verander deur 'n span dokters en die Glimlag-stigting.

Die ses maande oue Sibabalwe Mnyoma van Malmesbury is met oorerflike Apert-sindroom – 'n skedel-abnormaliteit – gebore. Dit is taamlik vinnig in die Paarl en die Tygerberg-hospitaal gediagnoseer.

Prof. Frank Graewe, hoof van plastiese en rekonstruktiewe snykunde by die Tygerberg-hospitaal, het verduidelik net een van 'n mens se skedelnate moet teen 20 maande permanent heg. Die ander nate moet die res van die persoon se lewe oop bly, veral om spasie vir die groeiende brein te laat. Indien twee of meer van die skedelnate en/of nate in die basis van die skedel geheg is, is dit Apert-sindroom, wat tot talle komplikasies lei.

Om te kompenseer, sal die skedel soms lank en "bootagtig" word om plek te maak vir die brein wat onder druk is. Dit misvorm die gesig en skedel omdat hulle nie normaal groei nie.

Later ontstaan daar ook 'n misvorming van die middelgesig (middelgesig-hipoplasie), wat die gesig vervlak. Die sig, neus en asemhaling word aangetas indien dit nie reggestel word nie.

Skedelnate kan nie gemaak word nie, maar die vlak voorkop word "oopgemaak en vorentoe geskuif" om meer plek te verskaf. Dié deel van die operasie is deur



Baba Sibabalwe Mnyoma by sy ma, me. Fezeka Mnyoma, voordat hy rekonstruktiewe chirurgie in die Tygerberg-hospitaal ondergaan het om die abnormaliteit van Apert-sindroom reg te stel. By hulle is prof. Frank Graewe, wat die span dokters geleëi het.

Foto: JACO MARRAIS

glimlagweek

Die Glimlag-stigting vier vanjaar sy tiende bestaansjaar en vandeelsweek word kinders weer gratis geopereer sodat hulle letterlik weer kan lag.

♦ Altesaam 50 kinders het weens 'n abnormaliteit of ongeluk rekonstruktiewe chirurgie aan hul

gesigte ondergaan.

♦ Die hospitale waar die operasies gedoen is, is die Tygerberg, Rooi Kruis, Chris Hani Baragwanath, George Mukhari, Charlotte Maxeke- en Universitas-hospitaal.

♦ Meer as 500 kinders is die afgelope tien jaar geopereer. Al die

prof. Bennie Hartzenberg, hoof van neurochirurgie by dié hospitaal, gedoen.

Die middelgesig word ook vo-

rentoe geskuif. Graewe het 'n nuwe, veiliger tegniek hiervoor ontwikkel wat veral by jonger kinders suksesvol is.

geld daarvoor kom van private donateurs.

♦ Die kinders kry ook spraakterapie en berading.

Vir verdere inligting besoek die webblad www.smilefoundation-sa.org.



Dié instrumente is deur prof. Jean Morkel, kaakspecialis van die Universiteit van Wes-Kaapland, ontwikkel.

Die penne is aan 'n plaat agter elke oor gekoppel en die middelgesig word dan stadig vorentoe gedruk sonder dat daar aan die been gesny hoef te word.

Die sindroom veroorsaak ook dat die pasiënt se vingers en tone "saamsmelt" en dit sal ook nog reggestel word. Sibabalwe, wat in die Tygerberg-hospitaal aansterk, se tone is van so 'n aard dat hy met spesiale skoene normaal sal kan loop.